03 NOVEMBER 2024

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | DIE EVANGELIE VRA REAKSIE | MATT. 11:16-19



## SINODELIED 2023

Sal U saam met ons gaan?
Sal U ons vrede gee?
Wees ons goedgesind,
maak U wil bekend.

Sal U ons kom ontmoet?
Mag U met ons praat,
soos ‘n goeie vriend?
Laat ons nooit alleen.

Want ons wil doen wat reg is,
ons wil liefde bewys.
Ons wil lewe voor U,
bedagsaam loop.

# NOVEMBER 2024
# 10DE MAAND DANKOFFER FEES

Ons het so paar jaar gelede besluit om ons Tiende maand dankoffer fees in November te hou aangesien Oktobermaand so naby aan ons Markietie is.

In hierdie maand word daar gevra dat jy bo en behalwe jou maandelikse tiende 'n bydra sal maak vir die gemeente en Koninkryk.



# 200 JAAR VAN KERKWEES IN SA

Op 2 November 1824 het die eerste "Algemeene Kerkvergadering ('n sinode) in Kaapstad plaasgevind Ons herdenk hierdie jaar 200 jaar van gereformeerde kerkwees in Suider Afrika. Die Moderatuur van Wes-Kaapland wil elke persoon, mede-gelowige, predikant, gemeentelid en ekumeniese vennoot uitnooi na ons Kerkwees 200 Feesdiens in die Suide, waar ons 200 jaar van genade en geloof herdenk.

Die Feesdiens vind Sondag, **3 November** plaas in **Groote Kerk** om **15:00**. Die diens word gelei deur Ds. Jan Lubbe, voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.

In die leuse van die Kerkwees 200 vieringe:
Laat ons dit saam **herdenk**; laat dit ons **hervorm** tot nuwe lewe; en laat ons saam hieruit **hoop** put.

***Gaan lees gerus meer hieroor:***
*https://ngkerk.net/wp-content/uploads/2024/07/Uitnodiging-na-1824-herdenking.pdfutm_source=mailpoet&utm_medium=email&utm_campaign=Nuusbrief200Herdenking*

# DIEP & VER
## KERSFEES BEDERFPAKKIES

Ons wil graag weer vir ons Diep & Vêr families bederf met 'n Kersfeespakkie.

Ons benodig
- **120 pakkies sjokolade beskuitjies**
- **60 boksies vla**
- **120 blikkies ingelegte perskes**

Maak 'n bydra deur item(s) Sondae kerk toe te bring of af te laai by die kerkkantoor. Elke bydra word opreg waardeer. Baie dankie.

Vir meer inligting kontak vir
***Hannetjie (083 650 1860)***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



**20 OKT** PEET BEVESTIGING
EREDIENS | 09:00



**27 OKT** BELYDENISAFLEGGING
EREDIENS | 09:00



**02 NOV** MAGDA LOUW SHOW
KERKSAAL | 12:00



**24 NOV** KERSSANGDIENS
AANDDIENS | 19:00



**01 DES** POPPEKAS
EREDIENS | 09:00



**03 DES** KERSFEES MET COENIE
KERK | 19:00

# GEMEENTE STORIES VIR FEESJAAR BOEK

Ons wil graag jou stories in die feesbundel plaas om 150 jaar van Toringkerk se bestaan te vier!

Deel asseblief jou spesiale stories, gedigte en foto's van Toringkerk.

Vir meer inligting kontak vir
***Sumien (083 585 6570)***






# GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS KOOR

Wil jy in die Krismis Koor sing?

Ons oefen **Maandag 04 November** om **18:00** saam by **NG Paarl-Vallei**.

Enigeen en almal welkom!

# HUIS ARISTEA

## HUIS ANDREW MURRAY

Toringkerk se dogtershuis het die volgende behoeftes geïdentifiseer:

- **'n Groot pan**
- **Blindings vir kombuis en badkamer**
- **14 Stelle Enkelbed Beddegoed (lakens, duvetoortreksels, kussings en kussingslope)**
- **14 Handdoeke**
- **Haarborsels**

As jy kan help, kontak asseblief vir
***Elizmari (084 998 7865)***






## ADVENTBOKS VIR GESINNE

Bestel jou gesin se aktiwiteitsboks voor *30 Oktober* om van 1-25 Desember elke dag met 'n aktiwiteit, ritueel, teks of ervaring diep en sinvol te reis na Kersfees. Ons gaan al ons sintuie betrek om 2024 se reis na Kersfees spesiaal en onvergeetlik te maak.

Die boks kos R500 per gesin met 1 kind en R200 ekstra vir elke ander kind.
(Kinders tussen 1-12 jaar).

Volg hierdie skakel vir bestellings: https://forms.gle/8ZUCGeW2SYKjcVpD8

Kontak Tilana (083 448 8306) vir meer inligting of navrae!

Rusoord Old Age Home

## Christmas Market

**Saturday 9 November 2024 @ 9am**

Delicious food, biscuits, pies, roosterkoek burgers, cakes, puddings, pancakes and boerewors rolls.
Christmas gifts, knitted teddies, pre-loved clothes and White Elephant.




# BASAAR? SOWAAR!

**Simondium familiekerk**

## 2 NOVEMBER 2024

PANNEKOEK / PASTEIE / JAFFELS / WIT OLIFANT TAFEL / KINDER DINGE / LEKKER MENSE / EN NOG BAIE MEER...

Merk die datum,
Vertel Almal wat jy ken

LIGGING:
Simondium familiekerk

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

3 Nov Andries Burger
4 Nov Johan Basson
4 Nov Rudi Perold
4 Nov Stefanie Werth
5 Nov Annelie Dell
5 Nov Piet Dyason
5 Nov Mika Human
5 Nov Mariska Wiggins
6 Nov Jaco Bronn
6 Nov Lalla Calitz
6 Nov J.D. (Jydee) Germishuys
6 Nov Jandré Hanekom
6 Nov Neil Hoffmann
6 Nov Jaco Pretorius
6 Nov Megan Victor
6 Nov Danial Waters
7 Nov Annie la Grange
7 Nov Corné Van Tonder
8 Nov Zetha Baartman
8 Nov Elsa Klompje
8 Nov Daniël Smit
9 Nov Jean Du Toit
9 Nov Jason Lee



# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)**

Die Kinderkleingroepe begin weer hierdie Sondag. Ons gesels saam oor Dawid & Goliat.

**KRUISCONNECT (GR. 7-10)**

KruisConnect hierdie Sondag, van na die diens tot 11:00. Ons sluit hierdie week af.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Geen Tienerkerk vir die res van die kwartaal nie.

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE: KINCULTURE

Familie is die antwoord op ons nasie se weeskind-krisis en ons baie kwesbare kinders. Familie is die antwoord op die behoeftes van ons hardwerkende pleegouers. Familie is die bloudruk vir 'n gesonde samelewing.

Ons glo in familie in sy mooiste, omvattende, inklusiewe en verlossende sin. Ons glo in familie waar gaste familie word, waar huise oopgemaak word en liefde en laste gedeel word. Hierdie groter, mooier prentjie van familie is wat die kerk aan die wêreld kan bied - 'n familie van gesinne vir kwesbare kinders.

Ons missie is dus om 'n gemeenskap van liefdevolle, grootmoedige families te bou en te ondersteun om huise vir kwesbare kinders te bied.

# KALENDERBORG



# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### DIENSLERAAR: GEMEENSKAP & JEUG

Pos is tans vakant. Kontak gerus vir Jana of Dawfre.

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



## OFFERGAWES

### OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

## TK WHATSAPP

### TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.